# OPSAAL



November 2011

# OPSAAL

OPSAAL word jaarliks deur die Berg en Dal Voetslaan klub uitgegee en poog om die jaarlikse aktiwiteite weer te gee.

November 2011

## 2011 JAARVERSLAG

WOW!! Another year is almost gone. Is it just me or is time flying past?
Ons wegstappe van 2011 het begin in Februarie met 'n naweek in Buffelsbaai. Ons het die Saterdag in die Goukamma Natuurreservaat lekker gestap en Sondag na Brenton-On-Sea en terug gestap. Daar was ook baie pret en plesier in die groep. In March a large group of members travelled to Nature's Valley for a weekend of hiking in that beautiful part of the country. Once again a great time was had by everyone. In April het 7 lede by Bonnidale in die Attakwas omgewing gestap. Die opkoms vir hierdie naweek was teleurstellend aangesien dit redelik goedkoop en plaaslik was. In June a few hardy members braved the weather to tackle the Windmeulnek and Beervlei hikes. The Gamkaspoort Dam weekend in July was a most enjoyable trip with an interesting walk through the dam wall and along the river bed. The long awaited Richtersveld trip eventually took place in August and turned out to be all that the group expected. Although very remote this was an experience of a lifetime. Die Sederberge besoek in September het weereens deur die mat geval. 'n Naweek by Minwater tussen Oudtshoorn en Calitzdorp is op die laaste minuut gereel en was soos altyd 'n sukses. Twee stappe wat in Oktober en November gaan plaasvind is die Gouritzrivier rugsak stap en die Diepwalle stap. Ek hoop dat julle die stappe sal ondersteun. I would like to thank the organizers and leaders for all their time and efforts to make the trips successful. I wish all our members and friends a happy and restful festive season and all the best for 2012.
Mike Wray



## †AUSTEN WILLIAMS



Dit is met leedwese dat ons kennis moes neem van die afsterwe van ons goeie vriend en stapmaat, Austen Williams vroeër vanjaar. Hy was vir 22 jaar lank 'n lid van Berg-en Dal stapklub.
Op 22 April 1989 het hy en Kitty by die Biblioteek opgedaag om saam met Berg-en-Dal-te gaan stap. Dit was 'n reënerige dag met geen siel in sig nie. 'n Mnr Mouton verskyn egter op die toneel en oorhandig aan hulle 'n permit om vanaf die Uitsig Bosboustasie na Jonkersberg te stap.
'n Week later daag die Williamse weer op en sou saam stap vanaf die ou Holiday Inn tot by Swartvlei. Dit was egter hoogwater en die swak weer het gemaak dat ons vroeër omdraai. Die Williamse het in Engels met mekaar gepraat en in vlot Afrikaans met mede stappers. Dit was gou duidelik dat hulle ervare stappers was en het gereeld Saterdae gestap.
Ek het ervaar dat die mens se ware karakter openbaar gemaak word op 'n lang voetslaanpad.- die rugsak word al swaarder, die kilometers langer, die tree korter en die horlosie vinniger.
Ek het Austen goed leer ken op 56 roetes , party herhaaldelik, met rugsakke gestap en 2728 km afgelê tot Feb. 2000. Die laaste 10 jaar tot hede het ek nie nagegaan nie. Ons het onder meer Cradockpiek 5 keer en Georgepiek 2 keer geklim asook Melvillepiek.

Austen het nooit die moeite ontsien om 'n mede stapper te help nie. So het 0ns in Feb. 1995 die Ben Macdhui-roete aangedurf wat hoë vereistes aan ons gestel het. Laat namiddag het ons die eerste been van die Woodcliff-roete gestap en by Tok se grot oornag. Austen se voete was seer en hy besluit om nie verder te stap nie. Ons wou hom nie alleen laat agter bly nie maar hy oortuig ons dat hy die 3de dag van die stap by ons sou aansluit.
Die laaste dag stap hy die 6km na die beginpunt en merk dat die rivier wat ons sou moes oorsteek, in vloed is. Hy het dadelik die roete- eienaar gevra om iemand te stuur om ons te help. Ons sou dit nie op ons eie kon doen nie wat die rivier het sterk gevloei en ons moes halflyf deur stap.

**BUFFELSBAAI 18-20 FEB 2010**

Op Vrydagmiddag 18 Februarie ontmoet 'n vrolike groepie stappers mekaar in Buffelsbaai. Ons blyplek is 'n ruim, gerieflike dubbelverdieping woning waar ons (14 persone) die naweek gaan deurbring. Die weer is mistroostig want vir dae is die kuslyn al in die mis. Dit bederf egter nie ons gemoedere nie. Die manne probeer 'n vuur aan die brand kry en spoedig knetter die vlamme helder in die vuurherd in die groot woon-sitkamer waar ons almal met gemak inpas. Ons drink lekker koffie en besluit dat 'n wandeling nou die antwoord is om die omgewing beter te ken. Deelnemers is Jeanne en Henk van der Straaten, Cor en Marthie, Edwin en Thea, Barry en Louise Mike en Rina, Lenie en Rose en Bert en Sonja.

Nadat ons elkeen sy vleisie gebraai en lekker geëet het, is daar Brug asook Katan gespeel en soos dit later geword het, het ons bed toe gestaan. Na 'n heerlike nagrus is dit 'n geskarrel in die kombuis vir ontbyt asook om ons dagsakke met die nodige inhoud te vul. Dis egter nog kwaai mistig .Om 9 uur verlaat en sluit ons die woning. Dis natterig ... soiets soos 'n fyn misreentjie.

Vandag stap ons in 'n westelike rigting langs die kus. Na ons eet-stop split ons groep in twee. Die meerderheid klim die sandduin uit , draai na 'n tyd ooswaarts en steek dan later die rivier oor rigting Buffelsbaai. Drie van ons dames bly stap op die strand en geniet volop van die miniatuur -eilandjies" met hul plantjies, rotse, skulpe, ens. Dit het my besonder gefassineer en my verbeelding aan die gang gesit - hier was 'n klein miniatuur -Stille oseaan met sy ontelbare eilandjies en die see was ver van die strand.

Vir die 3 van ons, Rina, Rose en ek was dit behoorlik 'n lang stap. Rina was byna moedeloos vir hierdie Sonja wat net verder en verder wou stap voor die draaipunt. Intussen het die mis vanaf 10 uur begin ooptrek En raai . by ons terugkoms het 'n aantal van ons stappers heerlik in die golwe gebaai. Daar was baie mense op die strand wat ook die dag geniet het. Die restaurant het goeie besigheid gedoen - 'n koue bier of 'n koppie koffie met lekker koek was nie te versmaai nie. Henk was die goeie gewer van o.a. ook die heerlike pizzas wat skielik vir 'n groepie van ons wat op die stoep by die restaurant gekuier het, bedoel was! Praat van bederf!!

Vroegaand braai ons weer 'n vleisie in die groot woonvertrek -- die uitsig is manjifiek -- alles opgehelder deur die vriendelike na-middag sonnetjie.

Na aand-ete speel ons weer speletjies. Cor en Marthie, Jeanne en Henk speel weer eens Brug. (Nou kan julle raai wie die slimkoppe in die groep is!! Bert het ook 'n paar nuwelinge gewerf om Katan te speel, o.a. Edwin en Thea en met die 2de rondte waag Barry dit ook. Die res van die geselskap kuier naby die vuur met 'n beker boeretroos in die hand. Sonja het gesorg vir genoeg botterkoekies.

Dis volmaan! Bert en ek kry sy vriendelike wit gesig volop te sien vanuit ons slaapkamervenster. Moet ons twee nou juis die "bofkonte" wees!!? (Kyk in die Hollandse woordeboek ---- ja. jy't reg gelees: "Jy't met jou - - - in die botter geval !

Dis Sondag 2O Febr. Vandag stap ons ooswaarts na Brenton . Die gety is baie laag en ons het die geleentheid om op die rotskraag rondom die "kasteel" te stap en dit te verken. Die windverweerde rotsformasies is treffend ! Vandag is daar baie mense op die strand o.a. ' groot groep tieners van 'n Sondagskool uit Knysna wat van Brenton na Buffelsbaai stap. Dis verblydend om jongmense te ontmoet wat die natuur waardeer en geniet.

Terug by ons huis voel menigeen: "Ek verdien nou voorwaar 'n roomys." Oomie :"restaurant" is tog te bly! ... goeie klandisie! Ons begin nou oppak en drink nog 'n laaste koppie koffie .... laat alles netjies agter. Daar word gegroet, die deur word gesluit en met mooi herinneringe koers ons huis toe. Baie, baie dankie almal. 'n Veilige reis en hopelik doen ons dit weer !

Sonja.

Groot is U werke, o HERE; die aarde is vol van U heerlikheid!
Ons loof U Naam en heerskappy.



# NATURE'S VALLEY 11 – 13 MAART 2011

Vrydagmiddag laat het twintig van ons ) die name is onderaan vir die rekord ) ons klaar tuisgemaak in Pondokkie ruim rondawelhuis in Nature's Valley- reg vir die naweek !!
Die aand het ons gebraai en gelukkig was daar genoeg manne- 6 van hulle – om vuur te maak en elkeen se vleisie na wense te versorg. Dis darem wonderlik hoe so 'n spul vroumense saam regkom in die kombuis- baie spraaksaam maar vreedsaam.
Saterdagoggend was ons slaggereed vir die Kalanderroete en daar was geen teken van reën nie. Die eerste deel van die roete is 'n gelyk loop tussen die bome en kort-kort stilstaan om die ou geelhoutbome te bewonder. Maar toe wag die kloof ! 'n Steil klim na bo en jy bly vashou- en vastrapplek soek. Daar begin dit toe sowaar reën en die pad toe ook seepglad boonop. Maar ai, dit is mooi daar ! Uiteindelik uit maar toe wag die baie trappe tot bo-op die Bloukranspas. Dié trappe het Daan laat les opsê en was dit nie vir Rose se stote van agter en aanmoediging nie het die arme man dit nooit gemaak nie. Ons het kort-kort stil gestaan om die speldekussing en ander fynbos te bewonder wat so welig groei.
Bo het die groep verdeel. Die energiekes ( en droër) het met die Soutrivierroete teruggekeer huistoe. Vyf van ons wou Pondok toe en ook so vinnig moontlik omdat ons druipnat was. Daar kry ons toe 'n "lift" met die Lavender Lady of die Honey Sucker- 2 saam met die vriendelike bestuurder in die kajuit en die ander 3 staande tussen die kajuit en die tenk.. Die wind het bepaal hoe hulle reukvry sou vorder. Jammer ons het nie 'n foto nie.
Die middag was elkeen vry om te maak soos hy lus voel: stap, swem, lees, krieket kyk of net sit en stories maak. Ons het natuurlik weer gebraai en 'n groepie , onder andere Georgie, Jan, Sonja en Bert het nog tot laat toe kaart gespeel.
Sondagoggend het Sarel vir ons kerk gehou voordat ons die pad gevat het, dié keer 'n deel van die Tsitsikammaroete tot by Kalanderhut. Dié deel is ook boomryk en Rose was daar om vir ons die voëls uit te wys. Nadat ons 'n wyle gerus en natuurlik geëet het, was dit die kort stywe klim tot by Pig's Head vanwaar mens 'n pragtige uitsig oor die kuslyn het. Met die terugstap strandlangs het Rose en Jacolize nog 'n swem ingewerk.
Toe was dit klaarmaak vir die tog huistoe. Die pragtige omgewing, interessante staproetes en boweal die gesellige samesyn het die naweek so besonders gemaak. Dankie aan Willemien wat dit vir ons gereël het.



Carol van Vuuren.

Die volgende het saamgegaan: Mike en Rina, Barrie en Louise, Bert en Sonja, Jan en Georgie, Sarel en Ina, Daan en Carol, Jacolize, Jansie, Lenie, Sarie, Rose, Willemien. Anneliese en Wilma.



**Did you know?**

*Kalander means Outeniqua Yellow wood
*Tsitsikamma is a Khoi word meaning "place of abundant water."


To have the privilege to experience and enjoy the beauty and variety of our forests we must pay tribute to the man who laid the foundations of a policy of protection and management. The Comte Médéric de Vasselot de Regné , graduate of the renowned School Of Forestry in France came to SA as Superintendent of Woods and Forests for the Cape Government in1881 with his wife and 8 children. This remarkable man introduced the system of preservation of Cape Forests in a healthy balance state in which they could be exploited for timber on a sustainable basis - timber could be removed at a rate, which matched the growth of the indigenous forest. Under his auspices a Forestry Department was built up with trained officers on the staff who began forest research and drew up a scientific plan for forest management, which is still upheld today.

## BONNIEDALE-NAWEEK: 15-17 APRIL 2011

Na die fantastiese naweek in Nature's Valley het ons besluit om Bonniedale die naweek van 15 – 17 te gaan stap.
Die naweek is nie baie goed ondersteun nie want iemand wat saam was Nature's Valley toe het die opmerking gemaak dat die pad na Bonniedale baie sleg was. Oom Hennie en Tannie Annie, Mike en Rina, Lenie, Armin en Sarel het hulle egter nie laat afsit nie. Die pad was toe eintlik baie goed en die ander kan baie spyt wees dat hulle kleinkoppie getrek het.
Die omgewing van Bonniedale is fantasties. Die tente waarin ons oornag het was volledig toegerus met alles wat mens nodig het vir so 'n naweek. Vrydagmiddag is so 4 km gestap na die poele. Annie en Lenie het op 'n punt agter gebly en die 3 mans het vooruit gestap na die poele. Met die terugkom vind ons die vroue wat uitgestrek soos dassies in die son lê en broei !
Saterdagoggend het ons die ou "Ossewapad" gestap na Perdekophut (Attekwas)- so 12 km heen en terug.. Die Knysna Bergklimklub was ook daar en dit was toe dat Hugo sy enkel gebreek en die bye hom so toegetakel het. Dit is iets om wat elke stapper in gedagte moet hou om voorsiening vir homself te maak vir beskerming teen bye. ('n net om oor die gesig te trek of so iets )-gebruik jou eie inisiatief. . Sondag het ons die kloof gestap en dit is 'n pragtige omgewing.- ongeveer 6 km.
Daar is 'n rivier wat voor die tente verby vloei en berge reg om die omgewing, baie fynbos en verskeie soorte plante. Altwee aande is daar gebraai en lekker gekuier. Sondag om en by 13.30 het ons die pad terug aangepak.


Sarel.








## CRADOCK KLOOF



A group of members recently started at Witfontein Forest office and climb up to Cradock kloof and down to the Montague pass and back to Witfontein. This circle route took us 7 hours which included time for breakfast and many stops to admire the view and abundance of fynbos species growing all over.
Although this was only a local day walk the views were no less spectacular than other trials in the region. We saw indentations in some of the rocks of wagon wheels. The height above sea level increased to almost 800m during this climb to the top of the pass.
The pass was constructed through Cradock Kloof to be a direct route over the mountains to link George to the Little Karoo and Oudtshoorn. This route proved to be very unpopular as it took 3 days for an ox wagon to cross the mountain. The appalling 8km long climb required 26 oxen to pull a wagon over the pass!
The first landdros of George, Adrianus van Kervel, persuaded the then governor of the Cape Colony, Sir John Cradock to make funds available for a new and direct route. The new pass was constructed in 1844 – the Montagu Pass, named after John Montagu the new Colonial secretary.
From the southern end of the Montagu pass the Cradock Kloof ox wagon pass, clearly marked by white washed Cairns erected during the time of the Voortrekker centenary, is clearly visible.

Sharon





## BEERVLEI 25-26 JUNIE





Dié beoogde naweekstap was eers afgestel weens te min belangstelling, toe uitgestel weens erge reën en koue.
Sewe Berg en Dalers het toe uiteindelik vroeg die Saterdagoggend van die 26ste na Beervlei vertrek vir die 2 daagse stap in die berge. Oom Hennie, Tant Annie, Jan , Georgie en Eddie is ook saam om 'n dagstap te doen. Die weer was wonderlik toe ons by Beervlei aankom. Oom Hennie, Philip en Edwin is eers Karatara toe om 2 voertuie te parkeer. Die voetpad kronkel eers deur inheemse woude wat herinner aan dié by Groeneweide. Dan daal die voetpad af na die Hoëkraal rivier en ons moes skoene uittrek om die vinnig vloeiende water oor te steek. Aan die oorkant het ons eers die innerlike versterk wel wetende van die opdraande wat wag. Met 'n vol maag en "koue" bloed in die are kan 'n 500meter mens nogal laat werk ! Ons kom uit die bos, sluit by 'n bosboupad aan en stap in die rigting van Perdekop. 'n Ent aan swaai die pad links uit en sirkel halfpad om die kop en dan lê Windmeulnek se hut voor ons - sekerlik een van die mooiste liggings vir 'n hut met pragtige uitsig oor die berge en klowe van Wes na Oos. Daar word afgepak op die groot oop stoep en eers koffie gemaak. Die aand is daar vleisgebraai in die Lapa en heerlik gekuier.
Sondagoggend is daar rustig ontbyt geëet voor ons die roete hervat. Die voetpad kontoer vanaf die hut al langs 'n diep kloof verby om dan weer by 'n bosbou pad aan te sluit. Ons daal verder af tot by Karatara Bosboustasie en die voertuie. waar ons tog eindig.
Dit was 'n heerlike naweek. Baie dankie aan Edwin, Philip, Willemien, Anneliese, Annette en Annelie vir die lekker saamstap.

**ROSE**







## GAMKASPOORTDAM 22-24 JULIE 2011



Agt dapper stappers Braam, Mike en Rina, Chinky, Jannie, Rina, Christina en Sarel het Vrydag die tog aangepak. Vanaf George is ons na Oudtshoorn en Calitzdorp, deur die Huisrivierpas en Seweweekspoort af deur Bosluiskloof tot by die dam . Hier het ons in 3 huisies oornag. Na 'n lekker braai het ons gaan slaap en 6 uur die volgende oggend opgestaan om die kloof onderkant die damwal aan te durf.
Om 8uur het ons die 110 trappies in die damwal begin klim- vol moed en met min verstand ! In die kloof het ons saam met die rivier gestap tot ongeveer 11 uur . Met groot moeite het ons mekaar oor die baie klippe en rotse gehelp. Terwyl ons besig was met middagete het Jannie aangestap om te kyk hoever hy nog kan gaan en het binne 40 minute terug rapporteer om ons mee te deel dat die rivier kant-en-wal loop. Ons het toe maar omgedraai en stadig terug geslenter om die aand 'n heerlike braai saam te geniet.
Sondagoggend het die ou mense toe besluit om bietjie in te lê en later eers op te staan. Die weer was onguur en reënerig en wou glad nie saamspeel nie.
Tussen 10- en 11uur het almal toe maar in die pad geval terug huistoe. Die weer ten spyt was almal dit eens dat dit 'n genotvolle naweek was

Sarel





## VERKEN DIE RICHTERSVELD TE VOET MET NAMA-GIDSE VANAF KUBOES

**Dag een : (15km )**
'n groep van tien avontuursoekers uit George het in Augustus in Kuboes begin met hul vierdaagse tog. Agt stappers , gestewel en gespoor met tente en kosvoorraad vir twee dae, vertrek om 7.30 saam met ons Nama- gids, Tim. Die ander twee dames, nie-stappers, vertrek met 'n Isuzi en hul gids, Kosie. Hulle vervoer die res van ons kos voorraad, 75l water sou dit benodig word asook luukshede soos hout ,'n braaivleisrooster en 'n noodwiel. Hulle volg 'n graad 4-5 roete langs die Ploegberge en Kasteelkrans om Van der Sterrberg. Dit was padbou, planne beraam en sweet maar met Kosie se vernuf lê hulle die 30km in net ses ure af. Net voor donker slaan hulle tent op naby 'n varswater fontein.

Ons stappers se dag begin rustig in 'n droë rivierbedding. Na 2 ure is ons eerste uitspanplek Leliefontein: 'n oase met groen gras. Dan begin ons klim en klouter en ons volg hier en daar bokpaadjies. Die veld is 'n lushof van pers vygies, goudgeel magriete, wit boesmankers, groen botterbome en reuse ou kokerbome. Ons begin stoei met die oostewind wat die tog bemoeilik; met jou kierie as stut, moes mens keer dat jy nie van jou voete afgewaai word nie. Ons strompel oor interessante klippe wat ons bewus maak van die vulkaniese gesteentes waarvan sommige tot twee biljoen jaar oud is. Dit het gewissel van ronde spoelklippe, kwartsiet, leiklip, sandsteen en eeue ou gletsergruis.

Na byna 700m se klim maak ons middagete by 'n fonteintjie en 'n warm koppie sop sit nuwe lewe in ons lywe. Na 100m verder is ons in die nek op 'n hoogte van 1100m - ons het Van Sterrberg bemeester! Ons verligting om uit die wind te wees egter is van korte duur toe die muggies op ons toesak. Met elk 'n takkie Kapokbos probeer ons die aanvalle afweer. Ons het nou 'n ongelooflike uitsig oor die Armanshoek vallei met die Bababaddens se rotsplate ver benede.



Hierna daal ons weer 700m. Die son is warm en die muggies knaend. Om 3nm gooi ons rugsakke af langs 'n heerlike varswater stroompie .Die Bababaddens is 'n lafenis en na 'n "skinny dip" voel ons verfris. Ons tente word opgeslaan in 'n blomtuin en Tim rol sy beddegoed uit onder 'n digte bos.



**Dag twee : ( 8km)**
Om 8030 is ons op pad na Koeskopfontein oor 'n nek, dan langs 'n kloof verby "Gods Window" met uitsigte oor die Rosyntjieberge. Langs die pad is daar weer 'n verskeidenheid veldblomme, Kokerbome en 'n Botterboomwoud. Die mis kom aangerol en net na 12uur sien ons die Isuzu in die verte. Ons drafstap byna die berg af, dankbaar om ons twee maats en Kosie te sien. Hy het reeds 'n lekker vuur gemaak met twee blikke kookwater en 'n groot beker warm tee is net wat ons nodig gehad het. Nadat ons tent opgeslaan het, stap ons die 2km na Engela en Christine se kampplek. Hulle is heel gesellig ingerig en verseker ons hulle bly net daar.Daar word gelees, brug gespeel en geëet. Edwin, die enigste man en 'n bobaas braaier , sit 'n vleisie op die kole. Kosie en Tim maak 'n heerlike potjiekos. Die koue laat ons vroeg inkruip en Tim slaap langs die vuur.



**Dag drie : (10km )**
Net met dagsakke stap ons na Modderfontein en kyk uit op die Rosyntjie en Oeserige. In die Oemsbedding loop ons tot waar dit 'n diep ravyn vorm en sien yslike rotsskeure waar watermassas deur die eeue 'n pad uitgekerf het. Op pad terug klouter ons oor rotse om na die indrukwekkende venstervalle te kyk- mens kyk letterlik deur 'n groot klip venster na 'n diep vallei wat uitgestrek lê.. Die aand kuier ons om 'n lekker vuur met die sterre baie naby. Ons luister verstom na die keurige Afrikaans van die twee Namas wat afgewissel word deur "diep' Nama, hul moedertaal.





**Dag vier**

Kosie en Tim gesels al van ligdag af maar om sewe uur is die tente afgeslaan en alles wat die Isuzu kan dra word gelaai. Dit het ons rugsakke aansienlik ligter gemaak. Edwin wat die uitdagende 4x4 roete wou beleef, vertrek saam met die twee ander dames en Kosie. Die res pak die 12km terug na Kuboes aan. Ons kry

weer geleentheid om verby waterpoele en graniet rotsskeure te stap. Daar is plate blomme van alle kleure langs die roete en ons kom ook 'n bokwagter teë met sy trop gesonde bokke. 'n Hoogtepunt is die vallei met Pearson's aalwyne wat endemies is aan 'n sekere area van die Richtersveld. Die son sowel as die muggies begin te steek. Na 'n lang los leiklip afdraand sien ons Kuboes in die verte. Na 5 uur se harde stap, sluit ons aan by die Isuzu wat die terugtog in net meer as 3 ure afgelê het. 'n Groot bederf is die warm oondbroodjies met kaas en konfyt wat Tim se vrou, Katie vir ons gereël het. Ons versluk ons ook aan die yskoue Coke wat sy voorsit. Ons neem met heimwee afskeid van die twee Nama gidse wat soos familie in die vier dae geword het.

**Annette Erlank**







## DIE HALF-MENS

Die Richtersveld Nasionale Park het die grootste versameling vetplante op aarde. 'n Besondere een hiervan is die Half-mens. Dit is een van min plante wat deur seisoene in hierdie woestynklimaat kan oorleef. Hierdie eienaardige plant is baie seldsaam, word as bedreigd beskou en internasionaal beskerm. 'n Ongewone versameling word aangetref anderkant die Potjiespram afdraai na De Hoop.

Die Half-mens het elk 'n eie unieke vorm. Dit lyk soos 'n boom sonder takke, het 'n stekelrige , regop stam wat dik geswel is omdat water daarin gestoor word. Wasagtige, grys-groen blare groei soos 'n klossie hare heel bo-op waar dit die maksimum sonlig, voedingstowwe en water opneem vanwaar die neiging om die koppe noordwaarts te keer.

Daar bestaan verskeie legendes rondom die Half-mens. Een hiervan is dat die plant van die vroegste Nama inwoners afstam. Dié is deur 'n afgeweke groep uit Namibië verdryf na 'n wêreld van sandvlaktes, klipformasies en uiterstes. Die plante wat altyd Noorde toe neig dui op hul hunkering terug na hul oorspronklike blyplek oorkant die rivier. Met 'n bietjie verbeelding lyk die plant nogal na 'n mens wat hom nie tuis voel in hierdie bergwoestyn nie.

Hettie



## MIN WATER 23-25 SEP

Vrydagmiddag kom 'n groot groep van 18 lede by ons bestemming aan en begin kamp opslaan waar die meeste hul tuis maak in die groot kampterrein. ' Yslike vuur word aangesteek en nog een by die "badkamer" waar 'n groot seeppot staan met water in vir badwater.

Die twee storte was iets om te beleef: elk het 'n blikemmer met 'n tou aan wat opgehys word en onder is 'n stortkop !. Selfs die toilette word ewe prakties genoem "staan" en "sit" Die plek is uiters netjies danksy die baas van die plaas, Louis Jordaan.. Die aand word daar oudergewoonte gebraai en gekuier.


Saterdagoggend word dagsakke gepak vir stap op die pragtige plaas met die vetplante en ander plante in blom. Dié wat die lang roete gestap het, was 7 ure oppad.

Sondagmôre bring Louis 'n paar vergrootglase om ons die ware wonders van die plante te laat sien. Terwyl ons rustig beweeg, vertel hy entoesiasties oor al die plante.. Die mees indrukkendwekkende is die klein "poprosie" onder die vergrootglas- so volmaak. So sien ons ook 'n besonderse vetplantjie wat laag groei- *Crushula colomnaris* wat lyk soos 'n leerknopie met 'n langsteel blom. Volop was ook die Karoo viooltjies wat lyk soos fluweel. By die kamp wys Louis ons sy boeke vol foto's van die plante.

Daar word ook voëls gekyk saam met Jeanette. Hierna was dit oppak en ons gaan groet vir Louis by sy plaashuis. So eindig nog 'n heerlike naweek wat naby genoeg is om weer besoek af te lê in die toekoms.

Wilma







## OUBAAI ERFENIS-ROETE- 15 OKT

Sarel het 'n groepie van 8 wat bestaan het uit Sonja, Sharon, Hettie, Nell, Eddie, Josh en Andrea gelei om in Oubaai die Erfenis- roete te gaan stap. Ons het tot by die ontvangshek gery waar eers toestemming verkry moes word om hierdie roete van ongeveer 8 km te stap wat eens die vestiging was van 'n prehistoriese gemeenskap.

Die voertuie is parkeer naby die ontvangsgebou en ons het begin stap net anderkant die klubhuis. Die paadjie was redelik afdraand en gou was ons binne in 'n gebied met natuurlike bos weerskante en die geluide van 'n verskeidenheid voëls.

Gou was ons langs die Gwaingrivier waar ons baie interessante groot rotsmassas in die rivierbedding aangetref het. Die paadjie het om die beurt geloop deur die bos en oop fynbosgebied waar dit gelyk het asof elke plant in blom is. . Ons het hier 'n wyle vertoef vir iets te ete en te drink.

Die paadjies is baie goed uitgelê en oral was houtversterkings om grond verspoeling te voorkom. Dit het egter die opdraandes nie vergemaklik nie en party plekke het dit maar al blasende gegaan.

Die son was al redelik warm toe ons die ooptes bereik het. en 'n twee spoor sementpad het nou skerp afdraande geloop en plek- plek moes ons aan die bosse houvas om nie te gly op die los klippies nie.

'n Ongelooflike gesig het ons begroet toe ons by die plek kom waar die rivier in die see loop. Ons het ons tuisgemaak op die groot houtdek wat feitlik op die see geleë was en 'n uitkykpunt was waar walvisse en dolfyne gewoonlik besigtig word. Ons was egter nie so gelukkig om so iets te siene te kry nie maar die tafereel het daarvoor vergoed.


Met die terugstap het Sarel besluit ons moet ' 'n "short cut" vat want die son was nou baie warm. Hy en Sharon het die voortou geneem en ons klompie agterna deur die fynbos. Dit het gou duidelik geword dat dit 'n rampspoedige besluit was want ons moes letterlik ons eie pad deur die geniepsige plantegroei maak. Boonop was dit opdraande en gou het die bloed geloop soos die takke ons gekrap het Toe dit na 'n halfuur blyk dat ons geworstel ons nie by enige soort van 'n pad gaan uitbring nie is daar besluit om maar bes te gee en ons draai terug- nou was dit afdraande tot weer by die pad wat ons eintlik moes gevolg het om weer terug te kon gaan..

Vier van die groep loop vooruit en neem 'n ander afdraai terug. Ek en die ander 3 keer 'n motoris voor om die pad te vra na waar die voertuie parkeer is. Die man kry ons jammer en laai ons op tot daar. Net toe ons nog so ry

kom die ander 4 onverwags van voor af aan maar ons ry te vinnig verby om te kan stop. Hy laai ons by die voertuie af waar Sarel en Eddie na ontvangs toe gaan om te reël dat 'n gholfkar hulle gaan haal. Dié het toe net plek vir 2 en die ander 2 moes toe maar terugstap.

Dit was alles ten spyt 'n heerlike dag en 'n pragtige roete.

HETTIE








ONS KLUB IS 'N KWART-EEU OUD!!

BERG-EN-DAL STAPKLUB het Saterdagaand 16 Julie, sy 25ste bestaansjaar gevier in die vorm van 'n dinee by Down to Earth Restaurant in die Harolds Bay Eco Resort. Die gaste kon van 17h00 op die aangrensende houtdek van die restaurant die mooi uitsig oor die see en Mosselbaai geniet, sowel as broodjies met smere en konfyte. Later is almal genooi om by keurig gedekte tafels aan te sit. Die aand se verrigtinge is afgeskop met 'n skriflesing en gebed. Daarna is 'n heerlike ete bedien. Tydens die verskillende gange van die maaltyd, is die stappers deur onder andere Hennie Mouton, Salome van Wyk en Willie Nel vermaak met pittige sê goed en staaltjies van tye wat was. Daar is vertel van die lekker van saamstap, saamwees, saamlag en van ondersteuning verleen in tye waar dit nie goed gegaan het nie. Die seremoniemeester, David Kingwill het tereg opgemerk dat die Berg-en-Dallers werklikwaar een groot familie is. Die huidige voorsitter, Mike Wray, het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die vorige voorsitters, Hennie Mouton, Gys Verwey en Annette Erlank, sowel as al die lede wat ook op die bestuur gedien het, te bedank vir hul toewyding en harde werk oor die jare heen.



Berg-en-Dal Stapklub is in 1986 gestig nadat 'n paar vriende begin saamstap het om ons pragtige omgewing beter te leer ken. Die klub het gegroei en rugsakstappe is gereël oor die hele land heen, sowel as die gereelde weeklikse stappe. Vandag, 25 jaar later, stap die klub nog steeds elke Dinsdag en Saterdag. Eenkeer per maand word daar ook 'n wegstap gereël wat of 'n rugsakstap kan wees of net dagstappe. Die Berg-en-Dallers stem saam: om in die mooi natuur te stap is goed vir die gees en liggaam. Dit is voorwaar 'n voorreg om lid van so 'n besonderse klub te kan wees.







**TRAILS**

Trials are not mere dust and pebbles on a hill.
Not even grass and wild buds by a lake.
Trails are adventure and a hand to still
The restless pulse of life when men would
Break their minds with weight of thinking-
Trials are peace - the call to dreams, the
Challenge to ascent.
Trails are brisk unfolding of release
From bitterness and from discouragement
Trails are random writing on the wall
That tells how every man, grown tired at heart
Of things correct and ordered comes the scrawl.
His happy hour down- then goes to start
Life over new eagerness and zest
Who build a trail finds labour that is rest.

By Helen Frazee-Bower

Hartlike dank aan al die lede met julle bydraes, foto's, raad en hulp, wat hierdie uitgawe moontlik gemaak het.

Hettie

GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB